

# EIE NOTAS

**BISDOM OUDTSHOORN FAMILIELEWE BEDIENING**

# "MAAR EK EN MY HUIS, ONS SAL DIE HERE DIEN"

JOSUA 24.15 (DV)



**DIE KERK AS MOEDER IS BESORG OOR DIE WELSTAND VAN AL HAAR KINDERS**

Gesinne & families groei saam in God & in geloof

**POUS FRANCISKUS SE RAAD AAN GESINNE & FAMILIES**

Heilige Uur vir gesinne & families

# inhoudsopgawe


## Afdeling 1

Gesin of Familie? Woordverklaring

## Afdeling 2

Inleiding

## Afdeling 3

Heilige Uur vir gesinne & families

## Afdeling 4

Pous Franciskus se raad aan gesinne & families

## Afdeling 5

Die liefde van die gesin:
Roeping & pad na heiligheid




# 5

# ROEPING & PAD NA HEILIGHEID

LIEFDE VAN DIE GESIN EN FAMILIE:

Hemelse Vader,
Ons prys en dank U vir die groot gawe van gesin– en familielewe.
Ons bid vir alle gesinne en families wat aan U toegewy is deur die Sakrament van die Huwelik.
Mag hulle daagliks die genade wat hulle ontvang het herontdek,
en as klein huiskerke getuienis lewer van u aanwesigheid
en van die liefde van Christus vir sy Kerk.
Ons bid vir alle families wat deur moeilikhede,
en lyding van siekte gaan of deur omstandighede waarvan U alleen bewus is.
Onderskraag hulle en maak hulle bewus van die pad van heiligheid waartoe U hulle roep
sodat hulle U oneindige barmhartigheid mag beleef
en nuwe maniere mag vind om in liefde te groei.
Ons bid tot U vir kinders en jongmense.
Mag hulle U ervaar en met vreugde antwoord op die roeping wat U vir hulle in gedagte het.
Ons bid vir hul ouers en grootouers.
Mag hulle besef dat hulle simbole is van die vader- en moederskap van God s
in die versorging van hul kinders wat U in liggaam en siel aan hulle toevertrou het.
Mag hulle bewus word van die gawe van broederskap wat die familie aan die wêreld kan bied.
Here, gee dat elke gesin en familie
hul spesifieke roeping van heiligheid in u Kerk mag uitleef deur sendeling – dissipelskap
in diens van lewe en van vrede,
in gemeenskap met ons priesters, religieuse en alle roepinge in die Kerk.
Amen.

Aan ouerpare sê hy byvoorbeeld: *"Speel meer met julle kinders, hou op vloek, wees meer liefdevol en sê altyd 'asseblief', 'mag ek' en 'dankie'."* Ma's en pa's moet die weg baan en die mees invloedryke rolmodelle vir hul kinders word.

Hy moedig jonges aan om uit te gaan, die wêreld te ontdek en saam in liefde te bou, *"alles is moontlik en geloof is 'n gebeurtenis wat voortdurend deur verkondig word."*

Aan kinders het hy in Desember 2014 gesê: *"Gesels elke dag met jou beste vriend, Jesus, en wees apostels van vrede en by die skool. "Herinner jul ouers, broers en susters daaraan dat dit pragtig is om mekaar lief te hê en dat dit moontlik is om misverstande uit te weg te ruim omdat alles moontlik is wanneer ons verenig is met Jesus."*

As deel van sy raad aan grootouers sê die Pous dat gesinne, families en kinders hul gebede, wysheid en gawes benodig om hulle die moed, hoop en geloof te gee vir die besige wêreld waarin hulle daagliks leef. *"Ouer mense kan ambisieuse jongmense daaraan herinner dat 'n lewe sonder liefde vrugteloos en leeg is. Ons kan aan vreesbevange jongmense sê dat kommer oor die toekoms oorkom kan word. Ons kan vir jongmense wat selfbehep is sê dat dit meer vreugdevol is om te gee as om te ontvang."*

Dit is die Pous se droom dat gesinne en families die hedendaagse 'weggooi kultuur' sal uitdaag deur die oorvloedige vreugde van 'n nuwe belewenis tussen oud en jonk. *"Die sleutel tot die nodige krag en inspirasie is om die Evangelie te lees, te bid, die Sakrament van Versoening en Heilige Kommunie gereeld te ontvang, en die behoeftiges te bevriend."*

"*Dink net hoe ons wêreld sal verander indien elkeen van ons hier en nou ernstige sorg sal dra vir onsself, en goedhartig ons verhouding met God en ons medemens verdiep"* het hy aan Vatikaan-personeel gesê in 'n Advent homilie.

**DIE HEILIGE FAMILIE VAN NASARET IS STEEDS DIE HOOGSTE MODEL VIR FAMILIES.**







# GESIN OF FAMILIE?


Taal is dinamies; taal word gebruik om idees en konsepte mee oor te dra. Taal help ons om te verstaan, te kommunikeer en in kennis te groei.

Engels het net één term, *family*, om mee weer te gee wat ons in Afrikaans twee pragtige en beskrywende selfstandige naamwoorde, "gesin" en "familie" voor het om te gebruik.

Die "familie" is die uitgebreide sosiale groepering wat alle bloedverwante (ook aangetroudes) insluit. 'n "Gesin" is die ma, pa en sibbe (in moderne konteks dalk ook grootouers) wat gewoonlik 'n woonplek deel.

"Familie" is nie 'n sinoniem vir "gesin" nie en die gebruik van "familie" vir "gesin" word as anglisisties beskou.

Ons praat tereg van die Bisdom Oudtshoorn Familielewe Bediening omrede die bediening gerig is tot die uitgebreide sosiale groepering van gelowiges, waaronder "gesinne" ook ressorteer. Die bediening is logies dus, nie net vir "gesinne" bedoel nie.



# 2

# INLEIDING

DIE KERK AS MOEDER IS BESORGD OOR DIE WELSTAND VAN AL HAAR KINDERS. Die Kerk is voorts ook ‘n “familie van families”, die huisgesin van God. As moeder is sy bewus daarvan dat daar baie soorte gesinne en families is wat deel uitmaak van die één Kerk en sy is besorgd oor die behoeftes van elkeen.

Ons vind verskeie gesinseenhede in die daaglikse samelewing: KERNGESINNE wat bestaan uit twee ouers wat in die Sakrament van die Huwelik met mekaar verbind is en indien hulle verbintenis geseënd is met kinders, dan dié kinders. Voorts is daar ook ENKELOUERGESINNE; SAAMGESTELDE-GESINNE waar een of albei van die egpaar hulself weens die dood van ‘n huweliksmaat of na ‘n pynlike egskeiding in ‘n tweede huwelik bevind met kinders uit die vorige huwelik. Te gereeld vind ons “KINDER-HUISHOUDINGS”, waar kinders sonder ouers of volwassenes saam aan die lewe moet bly.

Ook onder die kinders van die Kerk vind ons ‘n verskeidenheid van gesinseenhede, bv., dié wat hulself in langtermyn verhoudings met iemand van dieselfde geslag bevind asook heteroseksuele paartjies wat saamwoon sonder dat hulle getroud is. Ook aan hierdie vooraf genoemdes moet die Kerk pastorale sorg toon en die Blye Boodskap verkondig. Terwyl die Kerk se kern leerstelling, te wete dat die Sakrament van die Huwelik God se plan vir die gesin is, altyd beklemtoon moet word, kan en mag ons nie diegene ignoreer wat hulself in ander gesinseenheid-realiteite en -situasies bevind nie.

Hierdie publikasie is eerstens ‘n hulpbron vir gesinne om saam te groei in God en in hul geloof. Die gesegde dat *‘n familie wat saam bid, saam bind*, is deur die eeue heen waar bewys.

Gebed open ons tot dieper bewuswording en groter sensitiwiteit. Die Woord van God werp lig op ons situasie as gesinne en families en dui die rigting aan waarin ons moet beweeg. Dit berei die grond voor vir versoening, wedersydse aanvaarding, respek en vertroue sodat die woorde van die apostel ‘n werklikheid in ons lewens word:

> “Julle liefde moet ongeveins wees. Verafsku die kwaad; hou van aan die goeie. Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde. Gaan mekaar voor in eerbetoning. Moenie traag wees in julle toewyding nie; bly geesdriftig; hou vol om die Here te dien. Verbly julle in die hoop; wees standvastig wanneer julle swaarkry; volhard in die gebed. Betoon meelewing met die behoeftes van die heiliges, lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers; ja, seën hulle; moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met diegene wat bly is; treur saam met diegene wat treur. Wees eensgesind onder mekaar; moenie hoogmoedig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie wys wees in julle eie oë nie. Moet niemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar rig julle gedagtes op dit wat vir julle goed is. As dit moontlik is, sover dit vir julle afhang, leef in vrede met alle mense”. Rom. 12:9-18 (DV)



# 4

# POUS FRANCISKUS SE RAAD AAN GESINNE & FAMILIES

**DIE POUS KEN DIE DAAGLIKSE REALITEIT VAN FAMILIES EN GEE DIKWELS PRAKTIESE EN GRONDIGE RAAD.**

Die Kerk leer ons dat die gesin en familie ‘n skool van “menslikheid” is – die eerste en beste ruimte om omtrent liefde en respek te leer. *“ ‘n Gesonde samelewing berus inderdaad op burgers wat in hul gesinne en families leer om lief te hê, asook die waardes van verantwoordelikheid, lojaliteit, aanvaarding van ander en solidariteit daar aanleer.”*

Die Pous, as ‘n gewese onderwyser, gee as’t ware “lesplanne” aan gesinne en families en praktiese leiding oor wat eintlik gedoen kan word. Die Pous het ‘n groot aantal van sy weeklikse oudiënsies, asook ander toesprake en preke toegewy aan die gesin en die familie. Hy het ook die Sinode van Biskoppe oor die Familie byeengeroep en in sy post-sinodale brief *Amoris Laetitia*, bied hy riglyne aan vir die pastorale versorging van gesinne en families.

Die Pous se benadering is vanaf grondvlak opwaarts. Hy begin nie met ‘n handleiding of ‘n ideale prentjie waaraan almal op magiese wyse moet voldoen nie. Sy benadering neem kennis van die feit dat die gesin en familie bestaan uit feilbare en kwesbare mense wat werklik hulp benodig. Hy gebruik voorbeelde uit sy eie lewe en uit sy menslike en pastorale ondervindinge om te beklemtoon wat eintlik op grondvlak gebeur en bou dan ‘n pastorale plan om dit aan te spreek – wat God se antwoord op hierdie werklikheid kan wees.

In antwoord op die bekende verskynsel van woede en misverstande sê die Pous byvoorbeeld dat dit beantwoord moet word met dialoog wat vereis dat albei partye baie nederigheid aan die dag lê (*humble pie* sal eet). *“Soms vlieg die breekgoed maar nadat die storm verby is moet dinge so spoedig moontlik uitgewerk en opgelos word met ‘n woord of ‘n gebaar sodat niemand opeindig in die bitter brousel van gegriefdheid nie.”*

9. DAAD VAN BEROU
*(Almal bid saam)*

My God, ek het berou oor al my sondes en smeek U om vergifnis. Ek verafsku dit met my hele wese omdat ek as gevolg daarvan u straf verdien het, my liefdevolle Verlosser gekruisig het, en veral omdat ek U, die oneindig goeie God, daardeur beledig het. Ek is ernstig van voorneme om met behulp van u genade, U nooit weer te beledig nie en alle moontlike sondige situasies te vermy. Amen.

*9.* VREDESGROET
Die leier nooi nou al die aanwesiges uit om mekaar die vredesgroet te gee.

10. EVANGELIELESING
Die leier neem die Bybel uit ‘n ereplek en lees self, of reël vooraf met iemand anders om, die Evangelie van die dag voor te lees. • Almal staan. • Die voorlesing word as volg aangekondig: *‘n Voorlesing uit die Evangelie volgens (naam).* • Na die voorlesing van die Evangelie sit almal. • Die Bybel word teruggeplaas in die ereplek waarvan dit geneem is. • Die leier vra die volgende vrae: • Wat kan jy onthou van die Evangelie? *(‘n Tussenpose volg*) • Watter woord of sin en karakter het vir jou uitgestaan? *(‘n Tussenpose volg)* • Hoe werp die woord lig op jou lewe, of dit wat jy vandag ervaar het of ons situasie as gesin en familie? *(‘n Tussenpose volg)* • Die leier gee aanwesiges kans om te deel.

11. GENADEGAWES
Die leier nooi nou aanwesiges om een genadegawe van God af te smeek wat hulle op daardie tydstip die nodigste het. *(Dit kan hardop of in stilte geskied).*

12. VOORSPRAAK VIR BEHOEFTES
Die leier vra die aanwesiges om te bid vir die behoeftes van die gemeenskap, die wêreld en almal vir wie hulle belowe het om te bid. Elkeen kan opnoem vir wie of wat hulle voorbidding doen.

13. DIE ONSE VADER– GEBED
Die leier lei die gebed in deur te sê: Jesus *het ons geleer hoe om dit bid, daarom bid ons nou saam … Onse Vader …*

14. SEËN
Die hoof van die huis seën nou elkeen deur ‘n kruisteken op elk se voorhoof te trek.









Gesinne en families word uitgenooi om deel te neem aan hierdie inisiatief om daagliks saam te bid, te besin en te luister: Om die realiteit van hul lewens aan die lig van God se Woord te onderwerp. Diegene wat kies om hieraan deel te neem, sal ‘n verbintenis maak in die woorde van Josua: “Maar ek en my huis, ons sal die Here dien” (Josua 24:15)

Hierdie verbintenis kan geskied tydens die Sondag Mis en elke gesin en familie wat kies om hulself te verbind kan byvoorbeeld ‘n gebedskers, ‘n Bybel of ‘n ikoon van die parogiepriester ontvang tesame met hierdie hulpbron. Hulle kan die woorde van Josua saam hardop bid waarop die priester die volgende gebed oor hulle uitspreek en hulle met wywater seën.

## Verbintenis

“Laat ons saam onderweg gaan as gesinne en families. Laat ons aanhou om hierdie pad saam te loop. Dit wat aan ons belowe is, is groter as wat ons ooit kan droom. Mag ons nooit ontmoedig word deur ons tekortkominge nie, nog minder ophou om daardie volheid van liefde en eenheid na te streef wat God aan ons voorhou nie” (AL 325).

## Gebed

Heilige familie van Nasaret,
verwek in ons gemeenskap die bewustheid van
die Heilige en onaantasbare karakter van
die gesin en die familie
wat beide prysloos en onvervangbaar is.
Mag elke gesin en familie ‘n welkome tuiste skep
van goedheid en vrede vir kinders en vir die bejaardes,
vir die siekes en die eensames,
vir die armes en die noodlydendes.
Deur Christus onse Here. Amen.

Pous Franciskus

# 3

# HEILIGE UUR

## Benodighede

- Stilte – maak seker dat die televisie, radio en selfone afgeskakel is.
- 'n Bybel – Die Bybel beklee 'n ereplek in die familie woning.
- 'n Kers – Die kers word in die middel van al die aanwesiges geplaas.
- Hierdie boekie

Die hoof van die huis roep alle lede van die gesin of die uitgebreide familie voor of na ete byeen.

Dit behoort aan almal duidelik gemaak te word dat die gesin verbind is tot hierdie inisiatief om *"saam te bid en saam te bind"* en elkeen se deelname, toewyding, liefde en geduld behoort spesifiek om gevra te word.

## Die verloop van die Heilige Uur

Die 13 oomblikke wat hierna genoem word sal u help om die Heilige Uur gefokus en met vrug te bid.

1. DIE GEBEDSKERS WORD AANGESTEEK

*Leier:* In die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. *Laat ons bid* … Here Jesus, ons vertrou ons familie en elke familie in die wêreld aan U toe. Leer ons om mekaar altyd met nuwe verwondering te betrag, nooit aan te neem dat ons iemand anders ten volle ken nie, maar altyd in staat sal wees om die eindelose skoonheid raak te sien wat U in elke persoon geplaas het. Help ons om te ontdek wat die liefde vereis en skenk ons die krag om dit altyd te respekteer. Amen.

OOMBLIK VAN STILTE

• Nooi al die aanwesiges om gemaklik te sit, hul hande en skouers te ontspan en op hul knieë te plaas. • Nooi hulle om bewus te word van al die geluide rondom hulle. Ver en naby. • Nooi hulle om diep en stadig asem te haal en om te luister na hul eie asemhaling. • Enige gedagtes wat by hulle opkom moet hulle net erken en dan laat vaar. • In die begin sal dit nuttig wees om die Jesus gebed te bid en met hul eie asemhaling te koördineer.





# 3

Asem in: " Jesus, Seun van Dawid. • Asem uit: Wees my, 'n sondaar, genadig. ... Herhaal 'n paar keer.

3. REFLEKSIE

Die leier vra almal om na te dink oor die dag van die oomblik dat hulle wakker geword het. • Wat was goed in jou dag? • Het jy gesond en vol energie wakker geword of siekerig en moeg? • Het iets of iemand jou dalk vandag beledig, teleurgestel of siek gemaak?

Het jy dalk iemand seergemaak, beledig of teleurgestel vandag? • Wie het jy vandag almal ontmoet? • Het jy daarin geslaag om vandag alles te doen wat jy graag wou doen? • Kon jy vandag iemand help? • Kon jy vandag Jesus liefde betoon?

4. 'N OOMBLIK VAN STILTE VOLG.

5. DANKBAARHEID

*Leier:* Kies asb. net een ding, gebeurtenis, oomblik of persoon uit jou dag waarvoor jy opreg dankbaar is. Ek nooi julle nou om daardie een ding te noem as deel van ons gebed … (*Die leier gee elkeen die kans om te sê waarvoor hulle dankbaar is).* Almal bid nou saam die volgende dankgebed:

## Gebed

Dankie Hemelse Vader
dat U met oë vol liefde na ons kyk;
dit stel ons in staat om na ons foute en tekortkominge te kyk
en gee ons die begeerte en krag om dit te oorkom.
Dankie dat ons veilige voel onder U liefdevolle blik.
Gee dat ons mag leer hoe om dieselfde gawe
van 'n liefdevolle, verwelkomende en begripvolle uitkyk
aan ons lewensmaats, kinders, ouers, broers en susters en al u mense te mag skenk.
Deur Christus onse Here. Amen.

8. SKULDBELYDENIS

*Leier:* Ons is almal sondaars. Laat ons nou die dinge waaroor ons opreg jammer is, voor God ons barmhartige Vader bring. *(Elkeen dink vir 'n oomblik na oor waar hulle vandag gefaal het).*